NOTULE VAN DIE MAANDVERGADERING GEHOU OP 12 MAART 2012 BY DIE JOHOTTO NASKOOLSENTRUM, LES MARAIS.

Voorsitter	**Sekretaris**	**Tesourier**
SH Erasmus	HB Groenewald	LC De Jager
Tel 0836349638	Tel (012) 6547438 of 0834694349	Tel 012 6547420
	E-pos :herman.groenewald@lantic.net	
	Faks: 0867508692	

1.0 Opening

1.1 Loutjie De Jager open met gebed waarna die Voorsitter almal teenwoordig welkom heet.

2.0 Teenwoordig.

2.1 SH Erasmus (Voorsitter), F Du Preez (Visie-voorsitter), HB Groenewald (Sekretaris), LC De Jager (Tesourier), JJ Champion, DD Fourie, NL Greyling, B Grobbelaar, RM Heunis, S Tayob, MT Mey, I Weyer en LE Weyer.

2.2 Verskoning:
C Snyman, DWJ Jacobsz en P Serfontein.

2.3 Besoekers:
H Steenkamp en M Frayne.

3.0 Nuwe lede.

3.1 Geen nuwe aansoeke is ontvang nie.

4.0 Lief en Leed

4.1 Francois Du Preez herdenk sy geboortedag op 22 Maart en gelukwense word aan hom oorgedra.

4.2 Cobus Champion ondergaan ‘n oog operasie op 15 Maart, sy eggenote het ‘n skouer operasie ondergaan en die eggenote van TW Mey ondergaan ook op 12 Maart ‘n operasie. Spoedige herstel word almal toegebid.

5.0 Fondsinsameling.

5.1 Die lede van Gloster Kanaries is verantwoordelik vir die maandelikse fondsinsameling by die April maandvergadering.

6.0 Bevestiging van notule van vorige vergadering.

6.1 Die notule van die Februarie 2012 maandvergadering word goedgekeur.

7.0 Sake voortspruitend.

7.1 Advertensie vir items te koop/verkoop.

7.2.1 Les Weyer het budgie skouhokkies en Gloster fronte te koop.

7.2.2 Chris Snyman soek saagsels. Pogings sal aangewend word om saagsels vir klublede te verkry.

.

7.2 Winterskou (Provinsiaal) (23/24 Junie 2012)

7.2.1 Die skoukomitee vergader weer op 22 Maart 2012.

7.2.2 Johan Smit (Yorkshire en Norwich Kanaries) het aangedui dat hy nie die uitnodiging kan aanvaar nie. Alternatiewe beoordelaars moet aangewys word.

7.3 Jongvoëlskou. (5 Mei 2012).

7.3.1 Inskrywings vir die skou moet by die April 2012 maandvergadering ingedien word.

7.3.2 G Savage het aangedui dat hy nie die Glosters by die skou sal kan beoordeel nie. Daar word besluit om Ari Du Toit in sy plek uit te nooi met Derek Warren as alternatief. Alhoewel Norman Cawood die uitnodiging aanvaar het om die Yorkshire en Norwich Kanaries te beoordeel is daar 'n sterk moontlikheid dat hy dit weens ander verpligtinge nie sal kan doen nie.

7.3.3 'n Beroep word weer eens op lede gedoen om enige oortollige rosette na die volgende vergadering te bring.

7.4 Nasionale Skou 2013.

7.4.1 Daar is nege lyste vir die verkoop van looitjies aan lede van hierdie klub uitgereik en tot op datum is slegs twee lyste terug ontvang.

As daar nie 'n drastiese verbetering met die verkope is nie sal daar ongelukkig oorweging daaraan geskenk moet word om die sluitingsdatum vir die uitloot daarvan uit te stel. 'n Beroep word weer eens op lede gedoen om by die volgende vergadering terugvoering te gee hoe hulle vorder met die lyste wat aan hulle oorhandig is. Lede aan wie nog nie lyste oorhandig is nie, kan dit by die Sekretaris afhaal.

7.5 Fondsinsameling.

7.5.1 Die saak staan oor.

7.6 Ringbestellings.

7.6.1 Ringbestellings moet na afloop van die vergadering geplaas word.

8.0 Finansiëleverslag.

8.1 Die finansiëlestaat vir Februarie 2012 word ter tafel geneem en goedgekeur.

9.0 SANCBA.

9.1 Die notule van die vergadering gehou op 1 Maart 2012 is ontvang en kennis word geneem van die volgende aspekte:

9.1.1 Die Raad verneem wat die lede se gevoel is indien die Bengalese seksie wat tans 'n onder afdeling van die "Foreign" seksie is, as 'n seksie van sy eie in te deel Na bespreking word daar besluit dat hierdie klub geen beswaar teen die voorstel het nie.

9.1.2 Enige items vir bespreking by die komende Konferensie moet die Sekretaris van die Raad voor 30 April 2012 bereik.

9.1.3 Die wenners van die Vryheid Somerskou gehou op 18 Februarie 2012 gaan hierby as aanhangsel.

9.1.4 Daar word besluit oor die nominasies vir President, Visie-president, Sekretaris en Tesourier.

10.0 **NRCBA**.

10.1 Die volgende vergadering vind plaas op 15 Maart 2012.

11.0 Korrespondensie.

11.1 Geen korrespondensie is ontvang nie.

12.0 Algemeen.

12.1 Uitnodiging.

12.1.1 Kennis word geneem dat Margie Frayne 'n uitnodiging aan die klub gerig het om hulle gedurende Oktober 2012 te besoek waar die kruie gekweek en verwerk word. Die uitnodiging word met dank aanvaar.

13.0 Maandelikse aktiwiteite

13.1 Margie Frayne bied ‘n volledige aanbieding aan oor die voordele wat kruie vir voëls inhou. Die kruie waarin lede belangstel kan na afloop van haar aanbieding aangekoop word. Die Voorsitter bedank Margie vir die interessante aanbieding wat sy gedoen het.

14.0 Afsluiting.

14.1 Die vergadering verdaag om 20:55.

14.2 Die volgende vergadering vind plaas om 19:00 op 16 April 2012.

SH Erasmus
Voorsitter
16 April 2012.

HB Groenewald
Sekretaris